

KAPITAALWINSBELASTING

Kapitaalwinsbelasting (KWB) is nie 'n afsonderlike belasting nie, maar vorm deel van inkomstebelasting. 'n Kapitaalwins ontstaan wanneer jy 'n bate wegmaak, op of na 1 Oktober 2001, teen opbrengs wat die bate se basiskoste oorskry.

Die toepaslike wetgewing word omskryf in die agtste bylaag tot die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962.

Kapitaalwinste word belas teen 'n laer effektiewe belastingkoers as gewone inkomste. Kapitaalwinste en -verliese voor 1 Oktober 2001 word nie in berekening geneem nie. Nie alle bates het KWB tot gevolg nie en bepaalde kapitaalwinste en -verliese word nie geag nie.

'n Terughoubelasting is van toepassing op nie-inwoner verkopers van onroerende eiendom (artikel 35A). Die bedrag wat deur die koper teruggehou word, dien as 'n vooraf-betaling tot die verkoper se finale inkomstebelastingaanspreeklikheid.

Vir wie is dit?

KWB is van toepassing op individue, trusts en maatskappye.

'n Inwoner, soos omskryf in die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962, is aanspreeklik vir KWB op bates geleë beide binne en buite Suid-Afrika.

'n Nie-inwoner is aanspreeklik vir KWB slegs op onroerende eiendom binne Suid-Afrika of bates van 'n "permanente instelling" (tak) binne Suid-Afrika. Bepaalde indirekte belange in onroerende eiendom, soos aandele in 'n eiendomsmaatskappy, word as onroerende eiendom geag.

Sommige persone, soos aftreefondse, is ten volle van KWB vrygestel. Openbare weldaadsorganisasies kan ten volle of gedeeltelik vrygestel wees.

Hoe werk KWB in verband met 'n erflating? [Klik hier vir meer inligting.](#)